Die Hoërskool Menlopark
Excelsa Petamus
Sedert 1963

# menlo-insig

Insig 6/2026– 18 Februarie 2026

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR







Daar is min harte wat teen die skoonheid van taal bestand is – die kuns lê bloot daarin om die regte woorde te vind. Gelukkig het Kupido deur die eeue 'n fyn aanvoeling vir die mensdom se behoeftes ontwikkel.

Tot groot verligting van diegene wat soms oor hulle woorde struikel, is die taal van die liefde veel meer as gevleuelde woorde. Op Menlo-bodem is die liefde vandeesweek  behoorlik verklaar en gevier.

*In die water*: Ons swemmers het met hart en siel by die B-liga–se interhoërbyeenkoms ingeduik (hou hierdie spasie vir die uitslae dop).

*Op die baan*: Die atlete het hul staal met dapper harte by die nasionale Curro Podium-byeenkoms gewys en so ook gewys uit watter hout Parkies gesny is.

*Op die terrein*: Tydens Parkiedag is meer as een leerder met die hart op die mou en 'n bos blomme in die hand betrap – 'n duidelike bewys aan wie daardie harte behoort.

*Op die dansvloer*: Daar is betroubaar verneem dat daar by die Parkiebal aansienlik meer as net 'n paar ritmes gevind is… daar is harte verloor!

Of dit nou op die sportveld, in die klaskamer of op die dansvloer is, een ding is onbetwisbaar: **Parkies doen niks halfhartig nie!**

## TEKSVERS VIR DIE KWARTAAL

## PSALM 121

Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom? My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het. Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie; Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie. Waarlik, die Beskermer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie. Die Here beskerm jou, die Here bewaar jou van alle gevare. Bedags sal die son jou nie steek nie en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie. Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, jou lewe sal Hy beskerm. Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan, nou en vir altyd.

# KOMMUNIKASIE

## Eggo-jaarblaaie te koop

Jaarblaaie is teen R150,00 by die finansiële kantoor te koop.
Verwysingsnommer by betaling: JB en leerder se naam en van.
Handig asseblief die bewys van betaling by die finansiële kantoor in om die jaarblad te ontvang.

## Ekstra klasse: Wiskunde en Wetenskap

Die rooster is op Ed-admin beskikbaar.
Documents—Parents—Akademie—Ekstra klasse.

## Ed-admin

Menlo-kode: 599 649.
Daar verskyn gereeld nuwe inligting op die toepassing.
Kyk gerus onder Documents—Parents.

## Kommunikasie met Menlo-personeel

Die personeel se kontakbesonderhede is op die skool se **webblad** beskikbaar.

## Menlo-ouers wat omgee

**Menlo-ma's wat bid**
Donderdae (07:30) in die koshuis se sitkamer.
Kontak: 082 579 4968
Volg gerus die skakel na die WhatsApp-groep.

**Menlo-pa's wat bid (Watchmen)**
Elke tweede Vrydag (06:00) in die Menlo-klubhuis.
Kontak: 082 457 6526

## Reünies

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **20 Maart** | 20 jaar | 2006 | **10 April** | 60 jaar | 1966 |
| **17 April** | 50 jaar | 1976 | **22 Mei** | 10 jaar | 2016 |
| **7 Augustus** | 30 jaar | 1996 | **21 Augustus** | 40 jaar | 1986 |
| **18 September** | Groepreünie: 1971, 1981, 1991, 2001, 2011 & 2021 | | | | |

# KOMMUNIKASIE

## Menlo-mediasentrum

Leerders word daaraan herinner dat druk– en lamineerwerk by die mediasentrum gedoen kan word.

## Fotobestellings

Volg die **skakel** om die galery oop te maak.

Klik op u kind se klasfoto.

Voltooi u e-posadres.

Wagwoord: **Menlo2026**

Klik "Open".

**Bestellings**

Blaai deur die fotogroepe en klik op die ❤ op die foto wat u wil bestel. Foto's kan op verskillende galerye gemerk word. Alle foto's wat met 'n ❤ gemerk is, sal in u inkopiemandjie verskyn. Klik op die seskolletjie-ikoon (boaan die bladsy) om tussen galerye te blaai.

Wees gerus op die uitkyk vir gesinsfoto's en groepfoto's. Hierdie foto's is onder u kind se klas gestoor.

U kan die formaat kies waarin u die foto's wil ontvang. Die volgende opsies is beskikbaar: digitale foto's, gedrukte foto's, sleutelhouers, muismatjies en yskasmagnete.

**Betaling**

Klik op die kredietkaartsimbool (regs bo).

Verskaf u e-posadres, die kind se naam en die kredietkaartbesonderhede om die betaling af te handel.

Daar is twee betaalstelsels: Yoco en Payfast. Probeer gerus die alternatiewe stelsel as u eerste opsie nie werk nie.

**Aflewering**

Die bestelling van digitale foto's sal in u e-posbus afgelewer word. Hou gerus u gemorsposvouer dop.

Gedrukte bestellings sal by die skool afgelewer word.

**Sluitingsdatum vir eerste bestellings: 20 Februarie 2026.**

**Sluitingsdatum vir finale bestelling: 4 Maart 2026.**

Digitale foto's sal steeds na die sluitingsdatum aanlyn beskikbaar wees.

**Navrae**

Karen van Miracles Photography: karen@miraclesphoto.co.za of 082 899 0358.

# KOMMUNIKASIE

## Finansies


Korting van R2 200 per leerder word toegestaan indien skoolfonds voor 27 Februarie 2026 volledig vereffen word.

Navrae: finansies@menlopark.co.za

## Menlo-mediasentrum

### We Fell Apart

E. Lockhart




The invitation arrives out of the blue. In it, Matilda discovers a father she's never met. Kingsley Cello is a visionary, a reclusive artist. And when he asks her to spend the summer at his seaside home, Hidden Beach, Matilda expects to find a part of herself she's never fully understood. Instead, she finds Meer, her long-lost, open-hearted brother; Brock, a former child star battling demons; and brooding, wild Tatum, who just wants her to leave their crumbling sanctuary. With Kingsley nowhere to be seen, Matilda must delve into the twisted heart of Hidden Beach to uncover the answers she's desperately craving. But secrets run thicker than blood, and blood runs like seawater. And everyone here is LYING

## Interhoër: 2026

1. Datum: Vrydag 27 Februarie 2026.
2. Alle Menloparkers woon interhoër as toeskouers by.
3. Leerders koop buskaartjies by die finansiële kantoor.
4. Kaartjies kan voor skool, na skool en gedurende pouse gekoop word. Die koste van kaartjies beloop R50,00. Slegs **KAARTBETALINGS**.
5. Leerders dra uitgaandrag.
6. Leerders is welkom om 'n sambreel saam te neem (nie verpligtend nie). Indien leerders 'n sambreel saamneem, moet dit asseblief 'n Menlo-sambreel wees. Menlo-sambrele is by die sportwinkel op die terrein beskikbaar. Volg gerus die **skakel** vir die sportwinkel se ure.
7. Reëlings sal deeglik tydens Waardeperiode met leerders bespreek word.

# KOMMUNIKASIE

## Brokkies
## Menlo-geskiedenis

Met die oog op die interhoër-atletiekbyeenkoms wat binnekort plaasvind, deel Die Insig 'n paar hoogtepunte uit 1980.

Die Hoërskool Menlopark het die interhoër in 1980 vir die veertiende keer gewen en paalspring was sowaar toe nog 'n skoolsport.




## Afrikaans 101
## Het jy geweet?

**Haak/hakie vs. Hak/hakkie**

Die leesteken wat gebruik word om 'n parentese in 'n sin aan te dui, word 'n "hakie" genoem, nie 'n "hakkie" nie.

'n Haak is 'n krom staaf of stok waarmee jyt iets haak.

'n "Hak" is 'n deel van jou voet of skoen. Die verkleinwoord is hakkie.

Bron: VIVA-TAALWENK



# PARKIEBAL

## PARKIEBAL-KARNAVAL: ONVERGEETLIKE OOMBLIKKE!

'n Hoërskoolloopbaan vlieg verby en bied slegs 'n paar geleenthede om skoolklere vir *uitgaandrag* te verruil. Die Parkiebal is so 'n geleentheid en die graad 11- en 12-leerders het die kans om hulle beste voetjies voor te sit (al was dit kaalvoet) verlede Saterdag behoorlik benut. Buiten die feit dat die saal, vierkant en voortuin 'n metamorfose ondergaan het, was ons leerders byna onherkenbaar getooi.





Baie geluk aan die hoofleiers, die matriekraad en in die besonder aan hierdie groepe se flukse ouers met 'n uiters suksesvolle aand. Die tema, Karnaval, was in elke faset van die bal sigbaar — die skoolsaal is met asemrowende dekor in 'n arena van kleur en klank omtower, terwyl die vierkant se tentdak en liggies aan 'n toneel uit The Greatest Showman herinner het. Sommer vroeg-vroeg is die blinknuwe dansskoene uitgeskop om behoorlik vastrapplek op die dansvloer te kry en die kelners het verder gesorg dat die gaste die aand nie gou sal vergeet nie. Voor 'n mens egter kon sê: "Fluit-fluit, my storie is uit" is die aand omgekuier en omgedans.



# VERRYKINGSAKADEMIE

## SPRINGBOKLEGENDE LÊ BESOEK AF OP MENLO-BODEM



Die Parkies is verlede week bederf met 'n besoek van oud-Springbok, Fourie du Preez. Fourie het as gasspreker by die akademiese verrykingsaand opgetree en interessante lewenslesse gedeel.

1. Harde werk sal altyd talent wen, behalwe wanneer talent hard werk.
2. Jy moet leer om die goeie saam met die slegte te hanteer, en ná elke terugslag weer op te staan.
3. Leierskap beteken om deur jou voorbeeld te lei.
4. Vriendskap is maklik wanneer dit goed gaan, maar ware vriendskap word in moeilike tye bewys.
5. Kies jou vriende slim en luister oordeelkundig na ander se opinies.
6. Eerlikheid in die sportarena en in die sakewêreld is ononderhandelbaar.
7. Alles in die lewe gaan oor balans. Wees selektief oor hoe en waar jy jou tyd bestee.
8. Klein gewoontes lei tot groot oorwinnings.

Baie dankie aan die akademiese komitee van die Parkieraad onder leiding van Le Roux van Wyk en Livvy Pienaar vir hierdie inisiatief.

# MUSIEK



**EKSAMENUITSLAG BEKEND**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Mieke du Preez (gr. 12) | Rock en Pop Trinity Eksamen | Trom | 91% |

# ATLETIEK

## GEEN *CURRO* AAN MENLO-ATLETE

Menlo se atlete het weereens vanjaar skoonskip gemaak by die nasionale Curro Podium-byeenkoms. Sedert die kompetisie begin het, was daar nog net een wenner en dit is Die Hoërskool Menlopark!











Baie geluk aan elke Menlo-atleet asook aan die afrigters en organiseerders, me. Lelanie van Wyk en mnr. JJ Smith.

**Span**

Ané Pretorius, Megan Nieman, Janelle Kirkpatrick, Karla Bouwer, Ruvé van der Ende, Linmari Kirkpatrick, Lara Steyn, Zanta Lourens, Simonn Hugo, Ivanke Hanekom, Shiloh Snijders, Roline du Plessis, Daniella Fourie, Anri Bisschoff, Lucan Kotze, Ruan Nieman, Luan Visser, Heinz Kunzmann, Leon Stoltz, Tommie Cronje, Llewellyn van Heerden, Michael Shanzi, Joshua Gerber, Erik Senekal, Chris Swanepoel, Jaco van Dyk, Roelof Liebenberg & Bern du Toit.

**Individuele prestasie**

Megan Nieman: senior victrix ludorum

**Uitslae**

Dogters
1. Menlopark
2. Noordheuwel
3. Helpmekaar
4. Paarl Girls High
5. AHMP

Seuns
1. Curro Hazeldean
2. AHS
3. Helpmekaar
4. Paarl Gim
5. Menlopark

Algeheel
1. Menlopark
2. Curro Hazeldean
3. Helpmekaar
4. Paarl Gim
5. Noordheuwel





# KRIEKET



## UITSLAE

**Menlopark 1ste XI teen Waterkloof 1ste XI**
Menlo 275 almal uit (Jan-Willem Pienaar 91, Johan Bosch 55)
Waterkloof 215 almal uit (Johan Bosch 3/25, Murray Hofmeyr 2/27, Wihan Spanneberg 2/37)
Menlo wen met 60 lopies.

**Menlopark o. 15 A teen Waterkloof o. 15 A**
Waterkloof 287/7 (Leo Metz 3/30)
Menlo 176 almal uit (LJ Janse van Rensburg 43, Leo Metz 33)
Waterkloof wen met 111 lopies.

**Menlopark o. 15 B teen Montana o. 15 B**
Menlo 148/3 (Nicholas van Heerden 65, Neil Muller 21)
Montana 38 almal uit (Arno Killian 4/3, Sion van Jaarsveld 2/5)
Menlo wen met 110 lopies.

**Menlopark 3de XI teen Oos-Moot 2de XI**
Oos-Moot 119/9 (Juan Joubert 2/19, Christoff Breet 2/20)
Menlo 121/1 (Arno van der Walt 89*)
Menlo wen met 9 paaltjies.

**Menlopark o. 15 C teen Zwartkop o. 15 B**
Menlo 117/4 (André van der Walt 34*, Zander Heyl 28, Dehan van der Merwe 26*)
Zwartkop 70 almal uit (Dehan van der Merwe 3/9)
Menlo wen met 47 lopies.

**Menlopark 2de XI teen Garsfontein 2de XI**
Menlo 124/5 (Jaimi Coertse 46)
Garsfontein 125/8 (Jonathan van der Merwe 3/27)
Garsfontein wen met 2 paaltjies.

# TENNIS



## UITSLAG: GROOT 5-TENNISTOERNOOI

Baie geluk aan Menlo se tennisspelers wat verlede naweek in die laeveld in aksie was. Die Insig deel graag 'n paar interessante statistieke:

- Menlo se seunspan verloor slegs een wedstryd en eindig in die derde plek.
- Menlo se dogterspan verloor slegs een wedstryd en eindig in die vyfde plek.
- Die dogterspan behaal 'n geskiedkundige oorwinning oor Paarl Girls High.
- Joshua Smit staan nie een enkele stel gedurende die toernooi af nie.

**Seuns**
Joshua Smit, Kelly Mostert, Markus de Jager, Ruben Lourens, Drihan de Klerk, Ulrick Jacobsen & Ethan Oosthuizen.

**Dogters**
Megan Fourie, Nelia Theron, Sonel Maritz, Nina Jansen van Vuuren, Melissa Meyer, Mika Keet & Simoné van Zyl.



# BELANGRIKE GEBEURE









DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

# INTERHOËR
# *Oorlewingspakket*
## VIR TOESKOUERS
## 27 FEBRUARIE 2026

KOOP JOU BUSKAARTJIE (SLEGS KAARTBETALINGS) BY DIE FINANSIËLE KANTOOR.

KAARTJIEVERKOPE OPEN OP MAANDAG, 23 FEBRUARIE 2026.

## PAK IN:

- WATER: VRIES JOU WATERBOTTEL (OF DRIE)
- PAK GENOEG KOS VIR DIE DAG
- SONBLOK
- JELLY BABIES (ENERGIE)
- SANITEERMIDDEL – VIR HANDE
- MENLO-HOED (VERPLIGTEND)
- GEESSTOKKIE
- IETS VIR BYSTEKE – AS JY ALLERGIES IS
- MENLO-SAMBREEL (OPSIONEEL)
- MENLO-PAWILJOENKUSSING/ SWARTSAK/DONKERBLOU KOMBERS VIR SITPLEK (GEEN ANDER KLEURE)
- TISSUES / WIPES
- KLEIN HANDDOEKIE
- POWERBANK VIR JOU FOON – AS JY KAN
- KAART/KONTANT

## HOPE ENERGIE!

BUSKAARTJIES: R50 | SAMBRELE: R120 | PAWILJOENKUSSINGS: R100


# PARKIE-ENTREPRENEURS


MASTER BBQ

Charcoal: 4 kg / R40
Firelighters: R20 / pakkie

Rousseau 065 742 7285

Aflewering binne 6 km van
Hoërskool Menlopark
Ek werk vir my koortoer!







Libby's Cookies
063 589 5019

HOW IT WORKS

1 Choose your flavours
- Single cookie - R14
- Boxes of 4 / 6 / 10 cookies
  - 4 cookies - R55
  - 6 cookies - R80
  - 10 cookies - R120
- Chocolate Chip Cookies
- White Chocolate & Toffee Cookies

*Mix & match your flavours as you like!*

2 Place your order
DM on Instagram or
WhatsApp:
063 589 5019
Details for EFT will follow upon order

3 Orders close on Thursday
All orders for the week must be in by Thursday.

4 Baking happens over the weekend
Your cookies are freshly baked with love.

5 Monday is cookie day!
Local pickup in Lynnwood/Menlopark area

*Fresh. Homemade. Baked just for you.*

Thank you for supporting Libby's Cookies

063 589 5019


DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

## Is jy 'n Parkie-entrepreneur?

Die Insig wil jou graag help om bewustheid van jou produk en onderneming te skep.

STUUR ASSEBLIEF 'N A6-ADVERTENSIE (AS 'N JPEG OF PNG) NA INSIG@MENLOPARK.CO.ZA.


GEESSTOKKE R55 GEESSTOKKE
GEESSTOKKE R55 GEESSTOKKE
Pouse in die Menloplein
GEESSTOKKE R55 GEESSTOKKE
GEESSTOKKE R55 GEESSTOKKE

# MARKPLEIN

**WIL U IN DIE**

**MENLO-INSIG ADVERTEER?**

Stuur 'n e-pos na

insig@menlopark.co.za

**Beskikbare opsies**

Handelsnaamadvertensies

Geborgde inhoud

Borg 'n Insig









canyoncafē

# RY WÊRELDKLAS







## Nou oop in Menlo Park

Ontdek die volledige Canyon-ervaring by ons winkel in Menlo Park, Pretoria. As die amptelike verspreider vir Canyon Bicycles, bied ons wêreldklas pad-, grondpad- en bergfietse, top-gehalte bykomstighede en kundige diens vir fietsryers wat net met die beste tevrede is.

Maar kwaliteit eindig nie by ons fietse nie. Ons winkel beskik oor in-huis professionele massering en chiropraktiese sorg, spesiaal gefokus op fietsryers. Of jy herstel ná 'n harde rit, beserings wil voorkom, of jou liggaam fyn wil instel vir topprestasie — alles is onder een dak beskikbaar.

Ry harder. Herstel slimmer. Ervaar wêreldklas fietse en herstel hier in Menlo Park, Pretoria.

canyoncafē
Menlo

*"Kom kyk gerus, jy sal nie spyt wees nie"*

*Adres:* *Nr 30, 26ste Straat, Menlo Park, Pretoria*
*Kontak:* *084 290 3761 or 082 898 8667*
*Web:* *www.canyoncafe.co.za*




EXCELSA PETAMUS

MENLOBOND

ALUMNI & VRIENDE VAN MENLO

LYNNWOOD
PADEL PARK